

Dienswillige leierskap



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

I Petrus 5:1–10, Handeling 6:1–6, Jeremia 10:21, Matteus 20:24–28, Spreuke 3:34, Openbaring 12:7–9.

Geheeteks:

“Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle” (*I Petrus 5:7*).

Studies oor groeiende kerke bring byna altyd die belangrikheid van effektiewe leierskap na vore. Hierdie leierskap kry sy visie van God en Sy Woord en gee aan almal in die gemeente ‘n geleentheid om hulle eie geestelike gawes te beoefen terwyl hulle die evangelie opdrag najaag. Maar kerkleierskap is ‘n groot uitdaging. Vrywilligers gebruik hulle eie tyd, selfs al is hulle baie besig, om kerke te laat funksioneer. Kerklede kan “met hulle voete stem” deur op te hou om kerk by te woon indien daar iets gebeur wat hulle nie wil of kan ondersteun nie. Bowendien moet ‘n effektiewe Christenleier ook diep geestelik wees. En ons behoort nie te vergeet dat Petrus aan kerke skryf wat vervolging verduur nie. Die kerkleier is veral kwesbaar gedurende sulke tye. Wie is dan toegerus vir hierdie taak?

In I Peter 5:1–10, spreek Petrus die kwessie van Christenleierskap op die plaaslike kerkvlak aan. In hierdie verse skryf hy oor sommige van die uiters belangrike karaktertrekke wat benodig word, nie net wat die plaaslike leiers betref nie, maar ook wat die kerklede betref. Sy woorde is nog steeds van toepassing op ons vandag.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 13 Mei.*

Die vroeë kerk se ouderlinge

Slaan die volgende teksverse na: Hand. 6:1–6, 14:23, 15:6, I Tim. 5:17, I Pet. 5:2.

Watter insigte gee hierdie verse aangaande die uitdagings van die vroeë kerk en die rol wat sy leiers gespeel het?

‘n Groot groep mense wat gelowiges word en by die kerk aansluit, is ‘n groot seën van God. Maar, net soos die vroeë Christene ondervind het, kan vinnige groei, probleme meebring. Byvoorbeeld, Handeling 1–5 vertel hoe die Heilige Gees begin lei het en hoe baie mense daarna Christene geword het. Handeling 6:1–6 beskryf wat daarna gebeur het: die groep het te groot geword vir sy leiers en dit was nodig om strukture in plek te stel om die daaglikse funksionering van die kerk beter te kon beheer.

Die klage wat die swakpunt in die organisasie se struktuur uitgewys het, was ‘n kwessie van diskriminasie. Die Griekssprekende groep het gekla dat sy weduwees verwaarloos was in die daaglikse verspreiding van voedsel. In reaksie hierop het hulle ‘n groep mense, die diakens, aangestel om die twaalf apostels spesifiek by te staan met die hantering van die kerk se geldmiddele.

Dit is waar dat die vroeë kerk spesiaal deur die Heilige Gees gelei was, maar dit was tog nodig om kerkstrukture in plek te stel. Een sleutelgroep kerkleiers wat al van vroeg af benodig was, was die ouderlinge wat vir elke gemeente aangestel was. Feit is dat die aanstelling van ouderlinge vir die nuutgestigte Christengemeentes iets was wat Paulus en Barnabas gedoen het soos wat hulle van plek tot plek gegaan het om Jesus te verkondig (*Hand. 14:23*).

Ouderlinge moes verskillende take in die vroeë Christendom verrig. Hulle het van tyd tot tyd as leiers in hulle plaaslike gemeentes en as instrukteurs vir die nuwe bekeerlinge opgetree. Hulle het gepreek en toesig gehou, en gesorg dat die nodige gedoen was vir die welstand van die gemeenskap (*Hand. 15:6, I Tim. 5:17, I Pet. 5:2*).

Op watter maniere kan jy leer om beter saam te werk met die leiers van jou plaaslike kerk, selfs wanneer jy nie altyd saamstem met alles wat daar gedoen word nie?

Die Ouderlinge

Lees I Petrus 5:1–4. Watter gesindhede behoort leiers in hulle rolle in die gemeentes te weerspieël? Hoe kan hierdie beginsels, afgesien van ons rol in die gemeente, op enigeen van ons van toepassing wees?

Petrus begin sy instruksies aan die ouderlinge deur uit te wys dat hy ‘n mede-ouderling is. Hy noem dan twee dinge oor homself: hy is ‘n getuie van die lyding van Christus, en hy het ‘n verwagting om deel te hê in die heerlikheid wat geopenbaar sal word. Deur dit te sê, lig Petrus die eerste kenmerk wat in ‘n ouderling gevind moet word, uit: ‘n ouderling behoort die belangrikheid van Christus se lyding namens ons te verstaan, en die groot hoop wat dit aan ons bied.

Petrus vergelyk die rol van ‘n ouderling met ‘n herder wat die kudde van God oppas. Sy vergelyking van die kerk met ‘n kudde dui daarop dat net soos skape, gemeentede ook soms kan afdwaal om hulle eie ding te doen. Daarom het hulle die herder nodig om hulle te terug te lei na die groep en hulle te help om in harmonie saam te werk. Die ouderling behoort ook ‘n nederige voorbeeld te wees van hoe ‘n Christen moet optree.

Watter waarskuwing vind ons hier vir hulle wat herders is? Jer. 10:21, Eség.34:8–10, Sag. 11:17.

‘n Belangrike taak van Christenleierskap is om met die mense in die kerk net so geduldig te werk soos wat herders met hulle skape werk. Ouderlinge moet hulle versigtig lei om saam te aanbid en om die boodskap van Jesus te deel met hulle wat Hom moet leer ken, en die verlossing wat daar in Hom te vinde is. Petrus wys ook daarop dat ouderlinge gewilliglik toesig moet hou en “nie uit dwang nie”. Dit is nie altyd maklik om mense te vind wat gewillig is om die uitdagings van leierskap in ‘n kerk te aanvaar nie. Dit kom veral na vore wanneer dit tyd is vir die benoemingskomitee om sy werk te doen. Vir ‘n kerk om goed te funksioneer, is daar ‘n aantal bepaalde poste wat gevul moet word. Daar is redes hoekom baie mense huiwerig is om leierskapsposte te aanvaar. Sommige van hierdie poste vereis ‘n aansienlike toewyding van persoonlike tyd, en die mense wat geskik is vir hierdie poste mag dalk alreeds baie ander verpligtinge hê. Ander kan weer voel dat hulle nie goed genoeg voorbereid is om die verpligting te aanvaar nie. Maar Petrus beveel aan dat wanneer ons gevra word, ons die leierskap posisies, indien moontlik, gewilliglik moet aanvaar.

Dienswillige leierskap

Lees I Petrus 5:3 en Matthéüs 20:24–28. Watter belangrike beginsels van Christenleierskap word in hierdie teksverse gevind?

In Grieks is die sleutelwoord in I Petrus 5:3, katakurieuontes. Dieselfde woord word ook in Matthéüs 20:25 gevind en beteken om “heerskap te beoefen” of om oor iemand te “heers”. Daarom kan die instruksie aan die ouderlinge in I Petrus 5:3 vertaal word, “nie as heersers” nie, wat die woorde van Jesus in Matthéüs 20:25 weerspieël. Matthéüs 20:20–23 verskaf die konteks van dit wat Jesus in Matthéüs 20:24–28 sê. Die moeder van Jakobus en Johannes het Jesus versoek om, wanneer Hy in Sy koninkryk kom, haar een seun aan Sy regterkant en die ander aan Sy linkerkant te laat sit. “Jesus kyk hulle geduldig aan. Hy bestraf nie hul selfsug om voorkeur bo hul broeders te vra nie. Hy lees hul harte, Hy weet hoe innig hulle aan Hom geheg is. Hul liefde is nie blote menslike geneëtheid nie; al is dit besoedel deur die aardsheid van die menslike kanaal, is dit ‘n uitvloeisel uit die fontein van Sy eie reddende liefde. Hy sal nie bestraf nie, maar hulle net verdiep en reinig.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 458.

Jesus verduidelik dat hierdie ereplek deur Sy Vader bepaal word, en nie deur Homself nie. En dan verduidelik Hy dat ‘n sleutelverskil tussen Sy koninkryk en dié van die heidennasies wat leierskap betref, ‘n tipe leier sal wees wat sal dien, want diegene wat begeer om in Sy koninkryk ‘n leier te wees, moet ‘n dienskneg word net soos Jesus gekom het om te dien, “net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie’ ” (*Matt. 20:28*). Daarom doen Petrus ‘n beroep op kerkleiers om dieselfde ideaal na te streef: die oorgawe en selfverloëning wat Jesus getoon het, moet ook in hulle gesien kan word.

Lees Filippense 2:4–8. Hoe stem dit wat Paulus hier sê ooreen met wat Petrus geskryf het? Wat meer belangrik is, hoe kan ons die dinge wat in hierdie verse genoem word, ook doen?

Om met nederigheid beklee te word

Die sosiale struktuur van gemeenskappe in Petrus se tyd het uit verskillende klasse bestaan. Die heersende hoër klasse het wat ons kan noem, 'n "bevelvoerende teenwoordigheid" beoefen. Rondom hulle was daar groepe mense met laer range, en slawe wat as die laagste gesien was. Nederigheid was die regte gesindheid wat die laagste klasse teenoor die hoër klasse kon bewys. Die Griekse woord vir nederigheid weerspieël 'n betekenis van "gering", "onbelangrik", "swak" en "arm". Dit beskryf mense wat geen status en mag in die samelewing het nie. In die wêreld buite Judaïsme en die Christendom was die woord "nederig" geassosieer met diegene wat van laer klasse afkomstig was, en om nederig op te tree, was nie 'n aanbevole optrede deur "vry" mense nie.

Lees I Petrus 5:5–7. Gegewe die konteks en tyd waarin hulle gelewe het, wat is so merkwaardig oor wat Petrus hier geskrywe het?

In die Bybel word nederigheid in 'n ander lig gesien as wat die geval was in Petrus se samelewing. Petrus verwys na Spreuke 3:34 uit die Septuagint (die Griekse Ou Testament), 'n versie wat ook in Jakobus 4:6 aangehaal word. In die Ou Testamentiese geskiedenis het God deels ten doel gehad om die hoë verhewenes plat te loop (*Jes. 13:11, 23:9, Job 40:6*). Die geoorloofde gesindheid teenoor God is 'n gesindheid van nederigheid. "Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd" (*I Pet. 5:6*). Die Christen se houding teenoor God moet liever deur nederigheid as deur hoogmoedigheid gekenmerk word, nie net teenoor God nie maar ook teenoor mekaar (*I Pet. 5:5*). Christene, selfs Christenleiers, moet bewus daarvan wees dat hulle sondebaas is wat deur God se reddende genade gered is. Hierdie is 'n baie belangrike bewustheid, naamlik dat ons almal gelyk is en dat ons dus almal by die kruis verneder moet word. En hierdie nederigheid moet duidelik word in ons houding teenoor andere, veral teenoor hulle wat onder ons beheer is. Gewis, enigeen kan nederig voor God, die Skepper van die hemel en aarde, wees. Dit is ook relatief maklik om nederig te wees teenoor hulle wat ons meerdere is, hulle wat mag oor ons het en wat 'n "hoër" status as ons geniet. Die ware toets kom wanneer ons nederigheid moet bewys teenoor hulle wat "onder" ons is, wat geen mag oor ons het nie. Dit is die tipe nederigheid wat Petrus hier van praat.

Wat van die kruis en wat dit verteenwoordig, behoort ons altyd te help om nederig te bly?

Soos ‘n brullende leeu

Soos wat ons reeds gesien het, was vervolging die agtergrond van Petrus se skrywe. Die groot stryd tema was nie net abstrakte teologie vir sy lesers nie; hulle het dit ondervind soos wat baie van ons dit nog nie ondervind het nie, ten minste vir nou.

Lees I Petrus 5:8–10 en Openbaring 12:7–9. Wat leer hierdie teksverse ons oor die oorsprong van sonde en die werk van Satan in ons wêreld?

Die Boek van Openbaring openbaar aan ons dat Christene ‘n rol in die kosmiese stryd tussen die vorste van goed en kwaad, speel. In Openbaring lei Jesus die goeie vorste, hy wat die “Woord van God” is, die “Koning van die konings en die Here van die here” (*Openb. 19:13, 16*). Die vorste van die kwaad word deur die duivel gelei, hy wat ook Satan genoem word en uitgebeeld word as ‘n draak (*Openb. 12:7–9; 20:7, 8*). Alhoewel die populêre media en selfs party Christene die bestaan van die Satan ontken, is dit ‘n feit dat die duivel ‘n magtige wese is wat net bese oogmerke vir ons in gedagte het. En tog is die goeie nuus dat die duivel uiteindelik vernietig sal word aan die einde (*Openb. 20:9, 10*). Petrus verklein nie die gevaar wat die duivel verteenwoordig nie. “Want ... die duivel, loop rond soos ‘n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.” (*I Pet. 5:8*). Petrus wys ook daarop dat sy lesers die mag van die duivel kan sien in hulle eie huidige lyding. En tog sal hierdie lyding in ewige heerlikheid eindig (*I Pet. 5:10*).

Lees I Petrus 5:10 weer. Wat sê Petrus vir ons?

Alhoewel ons nie presies weet wat hulle beproewings was nie, lees ons van die hoop wat Petrus aan hulle voorgehou het. Ja, die duivel bestaan werklik. Die stryd is werklik en ons beproewinge is werklik. Maar die “God van alle genade” het reeds die duivel oorwin. So, watter lyding ons ook al moet verduur, as ons getrou bly — selfs tot die dood toe (*sien Heb. 11:13–16*) — is ons oorwinning seker, dank sy aan Jesus.

Hoe kan ons leer om in geloof vas te hou, om uit te hou en te verduur tot die einde, afgesien van wat oor ons pad mag kom?

Vir verdere studie:

Ons vind 'n goeie voorbeeld van Jesus se diensknegleierskap in Sy optrede by die laaste Avondmaal. Jesus was ten volle bewus van wie Hy was (die Seun van God) en dat Hy binnekort na Sy Vader sou terugkeer (*Joh. 13:1*). Na die maaltyd het Hy die dissipels se voete gewas, en gesê, “As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle ‘n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. (*Joh. 13:14, 15*) Elke keer wat die volgelinge van Jesus mekaar se voete gewas het, het hulle nie net die toneel weer herroep nie; hulle het mekaar herinner dat om ‘n leier in Jesus se koninkryk te wees, jy eers ‘n dienskneg moet word. Daar is geen twyfel nie dat, vir die res van hulle lewens, veral nadat hulle verstaan het wie Jesus werklik was, die dissipels hierdie nederige optrede van hulle Meester sou onthou het nie. Dit was ongetwyfeld deel van Petrus se gedagtes toe hy ‘n beroep op kerkouderlinge gedoen het om nie as heersers oor ander op te tree nie, “maar as voorbeelde vir die kudde”, beklee met nederigheid. “Deur toe te stem om mens te word, het Christus nederigheid aan die dag gelê wat deur die hemelse wesens bewonder word. Dit sou vir Christus geen vernedering gewees het om mens te word as Hy nie vooraf bestaan het nie. Ons moet ons gemoed oopstel om te besef dat Christus Sy koninklike kleed, Sy koninklike kroon, Sy hoë bevel prysgegee het en dat Hy Sy Godheid met mensheid beklee het sodat Hy die mens net waar hy was, kon ontmoet en aan die mensdom morele krag kon bring om seuns en dogters van God te word. . . . “Die sagmoedigheid en nederigheid wat kenmerkend was van die lewe van Christus, sal in die lewe en karakter van diegene geopenbaar word wat ‘wandel soos Hy gewandel het’” — Ellen G. White, *Seuns en Dogters van God*, bl. 81.

Vrae vir bespreking:

1. Jesus het Sy bediening met ‘n konfrontasie met die duivel begin. Nadat Hy verswak was na 40 dae se vas, was Jesus nog in staat om die duivel se versoekings te weerstaan deur Skrifuur aan te haal (*Matt. 4:1–11; Mark. 1:12, 13; Luk. 4:1–13*). Wat sê dit aan ons oor hoe ons die duivel in ons lewens kan weerstaan?
2. Watter voorbeelde het jy in andere gesien wat as ware nederigheid voorgekom het? Wat kan jy uit daardie voorbeelde leer?
3. Beantwoord die volgende vraag in die klas: Behalwe wat ons uit Petrus se verse hierdie week geleer het, wat is die eienskappe van ‘n goeie Christenleier? Hoe kan daardie eienskappe met die goeie eienskappe van sekulêre leiers oorvleuel? Hoe kan hulle verskil?
4. Hoe sal jy die aanname dat Satan nie werklik bestaan nie, maar net ‘n simbool van die sonde in die menslike natuur is, beantwoord?

